ELO! GNIT DA?




**Die gebruik van sosiale netwerke soos MXit of Facebook word ná net sowat ses jaar sedert hul ontstaan deur miljoene mense wêreldwyd gebruik. Tog glo baie ouers dit is 'n euwel wat jong mense in kontak kan bring met slegte invloede en verkeerde vriende. MARLENE NEETHLING (24) het gaan hoor of dit waar is. LATEEFAH JOSEPH (23) het die foto's geneem. Skuilname is vir die tieners gegee om hul identiteit te beskerm.**




# Sosiale netwerke: 'n 'status update'

Meer as 200 miljoen op Facebook, 13 miljoen op MXit, 20 miljoen op Twitter.

Vandag se gewildste sosiale netwerke het skaars ses jaar gelede of minder ontstaan en word nou wêreldwyd gebruik as 'n manier om in kontak te bly en te gesels.

Die "vriende" of kontakte is egter nie almal noodwendig mense wat jy ken nie. Dit is net een van die kopsere wat sosiale netwerke ouers gee.

Sosiale netwerke het die afgelope paar jaar geweldig onder skoot gekom weens gevalle waar tieners aangerand is, die moontlikheid dat dit hul skoolwerk beïnvloed en kinders wat gewaagde foto's van hulself oor MXit aan hul kontakte stuur.

Tog meen menige van die tieners wat *Die Burger* om kommentaar op sosiale netwerke soos MXit of Facebook genader het dat dit nie noodwendig gevare inhou nie – dit hang af wat jy daarmee maak.

**Hoekom is dit so gewild?**

Die rede hoekom sosiale netwerke, veral MXit, so gewild is, blyk in baie gevalle te wees dat dit vir tieners 'n platform is om indirek met mense te praat.

Me. Leatia Stemmet, 'n sielkundige, meen sosiale netwerke gee tieners die geleentheid om op 'n ander vlak met vriende in verbinding te tree. "As hulle deur 'n moeilike tyd gaan en 'n vertroueling nodig het, is dit dikwels makliker om eerder te MXit of te SMS."

Lynn (16) beaam dit. "Daar is baie tieners wat meer selfvertroue het as hulle nie fisiek met die persoon praat nie."

Stemmet sê: "Wanneer kinders sukkel om verhoudings met mense te bou, kan hulle meer en meer tyd op sosiale netwerke deurbring. Dit kan wel help om meer vriende te kry, maar indien hulle te veel tyd op die selfoon deurbring en dit hul enigste sosiale ervaring word, raak hulle net nog meer teruggetrokke."

**Is dit werklik gevaarlik?**

Uit die tieners met wie *Die Burger* gesels het, is baie 'n paar uur per dag op hul selfone besig – party bring tot 15 uur per dag op MXit of Facebook deur en sê hulle "kan nie daarsonder leef nie".

Tammy (14) sê dit is haar manier om met vriende te kommunikeer sonder om baie geld te bestee. Ander, soos Lynn, sê weer dit is vir hulle net iets om te doen as hulle verveeld is en verkies om "ware" gesprekke te voer.

Mnr. Ramon Thomas, skrywer van die elektroniese boek *Parents' Guide to MXit*, meen kinders wat heeldag op hul selfone besig is, verloor waardevolle sosiale vaardighede wat hulle later as jong werkendes kan benadeel.

"Om deur MXit of Facebook met vriende te kommunikeer sluit die emosie uit . . . en kan lei tot 'n verlies aan persoonlike vaardighede. Groepwerk op universiteit of in werksomstandighede kan moontlik vir dié kinders 'n uitdaging word."

Stemmet meen die netwerke kan wel voordelig vir tieners se vriendekringe wees, maar "dit beteken ook dat minder tyd aan skoolwerk, familie, sport en stokperdjies bestee word".

'n Ander kwessie waaroor veral MXit in die spervuur gekom het, is omdat tieners foto's van hulself aan MXit-vriende stuur.

'n Onlangse voorbeeld is waar 'n 13-jarige meisie van Durban naakfoto's van haarself oor MXit verkoop het. Die koper wou haar toe later ontmoet.

'n Groepie van vyf seuns (17 en 18 jaar oud) het erken hulle "lewe vir MXit" omdat meisies foto's van hulself aanstuur.

Thomas meen egter: "Dit is die minderheid van kinders wat foto's van hulself rondstuur. Dit is nie MXit se skuld nie, die probleem lê by hoe kinders die tegnologie gebruik."

Baie tieners het aangedui hulle glo nie sosiale netwerke is gevaarlik nie. Dit hang af van "watter soort mens jy is" en "hoe jy jouself beheer", sê Ben en Gerhard.

Dit het wel voordele, meen Stemmet. "Indien tieners die sosiale netwerke op 'n verantwoordelike manier gebruik, kan dit 'n gesonde manier wees om nuwe vriende te ontmoet, om weer met ou vriende in verbinding te tree en om in kontak met bestaande vriende te bly."

■ *Parents' Guide to MXit* kan afgelaai word by http://netucation.co.za. Klik op "downloads".

■ **Moenie môre se aflewering van die Jeugdag-reeks misloop nie.**

## 'nuwe dialek'

Ramon Thomas en Laetitia Stemmet meen die nuwe verkorte "dialek" wat tieners in SMS'e en MXit ontwikkel het, kan moontlik 'n slegte uitwerking op tieners se taalvaardighede hê.

Ann (16) stem saam. "MXit en Facebook kan nadelig wees, omdat jy later begin spel soos jy SMS'e tik.

"Dit kan jou taalvaardighede beïnvloed," meen sy.

Mnr. Tobie van Dyk, hoof van die Eenheid vir Afrikaans aan die Universiteit Stellenbosch, sê daar is nog nie werklik navorsing gedoen oor die invloed wat SMS-taal op kinders en studente se taalvaardighede het nie.

"Ons kry vraestelle en take waarin studente 'n sin skryf soos in 'n SMS – soos om 'nie' sommer sonder die 'e' te skryf."

Hy meen dit het definitief 'n invloed.

Maar hy sê té veel televisie kyk en 'n afname in blootstelling aan gedrukte media het 'n groter invloed op kinders se verswakte taalvaardighede.

Thomas meen dis eintlik 'n baie interessante verskynsel.

"Tieners het in 'n baie kort tydperk so te sê 'n hele nuwe dialek geskep. Mense oorsee doen nou navorsing oor dié verskynsel."

jeug-dag 09

## berading vir jong mense op MXit

Sosiale netwerke word deesdae ook ingespan vir berading gemik op die einste jong mense wat soveel ure daarop deurbring vir ontspanning.

Een so 'n voorbeeld is Drug Advice Support (DAS), 'n kontak op MXit en Facebook waar tieners berading vir dwelmmisbruik en persoonlike probleme kan ontvang. DAS maak deel uit van Impact Direct Ministries in Bridgetown.

'n Groep van agt jong mense, van tussen 19 en 35 jaar, is opgelei in sosiale media en berading en is daagliks van 16:00 tot 18:00 beskikbaar op MXit om hulp aan tieners te verleen.

Die diens is in Maart verlede jaar begin en het nou 6 000 Suid-Afrikaanse kontakte op MXit.

Mnr. Craig Ross (28), een van die beraders, sê daar is elke aand tussen 100 en 200 tieners wat by hulle raad vra op MXit.

Childline het 'n soortgelyke diens.



**Waar ook al, wanneer ook al. Jong mense ontmoet vriende en vreemdes op allerlei sosiale netwerke, en MXit, 'n Suid-Afrikaanse uitvinding, is die gewildste. Twee leerders wag ná skool vir hul geleentheid huis toe – intussen MXit hulle solank.**

### MXit

**MXit is in 2003 in Stellenbosch begin. Deur MXit kan boodskappe aan kontakte gestuur word oor die internet, met die internet-konneksie feitlik die enigste koste daaraan verbonde. Sowat 13,8 miljoen mense wêreldwyd gebruik MXit en dié getal neem met sowat 18 000 per dag toe. In Januarie vanjaar was daar 9 miljoen Suid-Afrikaanse MXit-gebruikers.**

**In 'n onlangse studie – die Sunday Times Generation Next Study 2009 – het jong mense tussen 8 en 22 jaar oud MXit aangewys as hul gunsteling-sosiale netwerk, bó Google en Facebook.**

**♦ Bron: MXit, itweb.co.za**

### Twitter

**Wat doen jy nou? Die hele konsep van Twitter berus op dié een vraag. Mense kan boodskappe (bekend as "tweets"), beperk tot 140 letters, deur die internet stuur of SMS om Twitter-gebruikers op die hoogte te hou van wat jy doen. Dit is in Maart 2006 in San Francisco begin en het net twee weke geneem om te bou. Die ouderdomsgroep wat die meeste tyd hieraan bestee, is mense tussen 45 en 54 jaar oud. Sowat 20 miljoen gebruikers Twitter, insluitend bekendes soos Oprah Winfrey. Slegs 0,38 miljoen van dié mense is Suid-Afrikaners.**

**♦ Bronne: Twitter.com, ComScore.com**

### Facebook

**Dit is wyd bekend hoe twee studente in 2004 vanuit 'n koshuiskamer by die Harvard-universiteit Facebook geskep het. Dit gee jou die geleentheid om jou eie profiel te skep, foto's op te laai en vriende op die hoogte te hou van wat jy doen. Ou skoolvriende kan opgespoor word en slegs vriende kan jou profiel en persoonlike inligting sien.**

**Daar is nou meer as 200 miljoen mense op Facebook, waarvan 1,62 miljoen hulself as Suid-Afrikaners aangegee het. Meer as 4 miljard minute word daagliks wêreldwyd op Facebook deurgebring.**

**♦ Bronne: Facebook.com, Nielsen-Online.com**

### MySpace

**Dit is vóór Facebook – in 2003 – in Amerika begin. Dit is soortgelyk aan Facebook, behalwe dat gebruikers hul eie profiel kan ontwerp. My Space was in 2006 die gewildste sosiale netwerk in Amerika, maar is in April verlede jaar deur Facebook verbygesteek. Dit het tans sowat 125 miljoen, waarvan minder as 50 000 in Suid-Afrika is.**

**♦ Bronne: Wikipedia.com, ComScore.com**


## DIE BURGER Weer

Suid-Afrikaanse Weerdiens
Tel: 083 123 0500
www.weathersa.co.za


**Vandag se weervoorspeller:** Rian Smit van die Kaapstadse weerkantoor



**20° Kaapstad:** Sonnig maar koel.




### Sinoptiese kaart vir Donderdag



## Koud in die oortreffende trap

**Weerhaan**

'n Baie ongewaardeerde trog vorm vandag opnuut oor die Weskus en is duidelik daarop ingestel om die hoogdruksel wat soos 'n wafferse Dias om die Kaap seil, te verrinneweer. In die proses foeter die maan ook nog om teen Maandag heeltemal donker te word en ruk en pluk dit opnuut aan die branders.

Die hoogdruksel lyk op die sinoptiese kaart asof hy vasgekeer is tussen die trog en die streep laagdrukselle, maar buite die prentjie (in die suidooste) is die Indiese hoog wat sy isobare met 'n wye draai teen die Ooskus opstoot om uit die ooste 'n aanslag op die Kaap te maak.

Vandaar dan die suidoostewind wat hom regmaak om ysige weer van George af, oor die nat binneland tot aan die Weskus te stoot.

En koud in die oortreffende trap blyk dit ook te wees met minusgrade-weer by Sutherland en so min as 4 °C op plekke soos Grabouw, Malmesbury en Riversdal.

Wat ook nie op die sinoptiese kaart wys nie, is 'n dubbeldoor van 'n kouefront wat agter die hoogdruksel op die westelike horison huiwer. Alles hang blykbaar nou af van hoe die trog oor die Richtersveld ontwikkel.

Die positiewe invloed wat dit intussen het, is om te keer dat die koue wind van George se kant af inwoners van die Skiereiland ook laat bibber.

Weerhaan het gister al vier winde van voor gekry nadat 'n fout vanaf twee weerkaarte van die Suidelike Halfrond met een van die Noordelike Halfrond verwar is en in ons storie oor die maan ingesluip het. Te min plek in hierdie rubriek om ekskuus te sê.

As alles reg verloop, is dit Maandag donkermaan.

### Wes-Kaap: 3 Dae

| Dorp | Vr | Sa | So | Wind môre |
|---|---|---|---|---|
| Springbok | 14°/23° | 13°/18° | 8°/17° | N30 |
| Calvinia | 9°/22° | 11°/19° | 7°/18° | N30 |
| Vredendal | 9°/27° | 11°/22° | 11°/19° | N20 |
| Malmesbury | 8°/24° | 10°/19° | 11°/17° | NW20 |
| Paarl | 10°/24° | 12°/19° | 12°/18° | NW20 |
| Kaapstad | 14°/23° | 13°/17° | 14°/17° | NW20 |
| Hermanus | 13°/23° | 13°/20° | 14°/18° | NW20 |
| Grabouw | 6°/24° | 9°/18° | 11°/16° | NW20 |
| Riversdal | 7°/26° | 9°/22° | 12°/19° | N20 |
| George | 7°/25° | 8°/22° | 11°/20° | N20 |
| Worcester | 6°/25° | 10°/21° | 13°/17° | NW30 |
| Beaufort-Wes | 6°/23° | 11°/21° | 13°/20° | NW30 |
| Oudtshoorn | 6°/25° | 7°/22° | 11°/21° | N20 |

### Getye in Tafelbaai

**Hoogwater:** Vandag 11:31 en 23:47; Môre 12:32 en 00:00

**Laagwater:** Vandag 05:21 en 17:33; Môre 06:19 en 18:34

### Son en Maan

22 Jun; 7 Jul; 29 Jun; 15 Jul


**Sonsopkoms:** Vandag 07:50 Môre 07:50

**Maansopkoms:** Vandag 02:53 Môre 04:00

**Sonsondergang:** Vandag 17:44 Môre 17:44

**Maansondergang:** Vandag 13:53 Môre 14:30

### Deinings




### Reënvalsyfers

**Reënval vir die 24 uur tot 8 vm. gister:**

WES-KAAP: Algeria 7 mm; Lambertsbaai 6 mm; George (Witfontein) 5 mm; Stilbaai 3 mm; Nuwerus 3 mm; George 2 mm; Vredendal 1 mm; Knysna 1 mm VRYSTAAT: Ficksburg 8 mm; Bethlehem 6 mm; Kroonstad 4 mm; Welkom 4 mm NOORDWES: Bloemhof 6 mm NOORD-KAAP: Nieuwoudtville 6 mm; Kamieskroon 4 mm; Springbok 2 mm; Sutherland 1 mm KWAZULU-NATAL: Pennington-Suid 12 mm; Melmoth (SAP) 7 mm; Port Edward 2 mm; Bergville 1 mm

### Reisigersgids

**Suider-Afrika:**

| | | |
|---|---|---|
| Bloemfontein | 3°/19° | NO10 |
| Kimberley | 2°/20° | NO10 |
| Upington | 4°/24° | NO20 |
| Port Elizabeth | 9°/21° | S13 |
| Durban | 14°/24° | SW20 |
| Pretoria | 7°/15° | NO10 |
| Johannesburg | 9°/23° | SO10 |
| Polokwane | 7°/22° | SO10 |
| Nelspruit | 7°/28° | SO10 |
| Windhoek | 10°/22° | NNO14 |
| Walvisbaai | 10°/23° | SSO14 |

**Buiteland:**

| | | |
|---|---|---|
| Amsterdam | Nederland | 11°/19° |
| Auckland | Nieu-Seeland | 7°/13° |
| Beijing | China | 21°/27° |
| Berlyn | Duitsland | 12°/24° |
| Kaïro | Egipte | 23°/37° |
| Doebai | VAE | 31°/41° |
| Londen | Brittanje | 9°/20° |
| New York | Amerika | 17°/21° |
| Singapoer | Singapoer | 24°/31° |
| Sydney | Australië | 12°/14° |
| Toronto | Kanada | 12°/21° |

KRAG Tekort?
GEEN PROBLEEM!!!
INDUSTRIËLE BYSTAND KRAGOPWEKKERS!
• Enige grootte beskikbaar
• Klankdigte opsies
• Vol-outomaties of Hand-aansit
• Waarborg gerugsteun deur internasionale maatskappye.
• Aflewering landswyd – GRATIS.
TEL: 018 431 1817
www.continentalgenerators.co.za

